SOLMS DELTA
EST. 1690

SB IEF
AA A IL 0 0

Saamgestel deur:
Frances Ruddock &
Tracey Randle
archivegirl@yahoo.co.uk
072426087

Afrikaans Vertaling: Leslie Javan

IETS OM OOR TE LAWAAI...JA!

Op Solms Delta is daar altyd iets om oor te lawaai, en sommer lekker lawaai - of dit nou ons eie Oesfees wat so pas stylvol agter die rug is, of een of ander opgewondenheid wat glimlaggend op ons wag. Kom wat wil, ons plaas bly aan't beweeg en ons gryp natuurlik die ou lewe by die horings, selfs al gryp die uitdagings ons onverwags, antwoord ons terug met harte wat sing en voete wat dans. Miskien is dit ons mense se vlymskerp gees - hul triomf oor wat soms ontmoontlike lyk, hulle bereidheid vir voorwaartse verandering, en natuurlik hul vurigheid om positief te reageer op, en in die oomblik. Kom kyk n bietjie wat ons die afgelope twee maande mee besig was....

NUWE AANSTELLINGS

Annalise Kiewiets

[illegible]

Thozie Thembani

[illegible]

Callie van der Merwe

[illegible]

Celeste Papier



[illegible]

VEELS GELUK AAN THERESE WILLEMSE!



Onthou om vir Theresa geluk te wens wanneer julle haar sien, want sy is onlangs gepromofeer na Museum en Wynproe Kamer Bestuurder. Sy het in 2006 by Solms Delta begin werk as wyn en erfenis gids, en het met krag en spoed gegroei in volvulling van verantwoordelikhede in die museum en die coordineerding van wyn verkope. Haar venuftheid, bereidheid om skouer aan die wiel te sit en te help waar sy kan, het haar na hoogtes laat styg oor die jare. Haar mylpale en voortsnoei in die ontwikkeling van haar beroep, met deursettings vermoe, het verseker dat sy elke oomblik van geleentheid wat aan haar gebied was aangegryp en dit is een van die dinge wat Solms Delta oor trots vind in haar.

HARTLIKE VERJAARSDAG AAN:

[illegible]

NUUS VAN DIE ANNA FOUNDATION …

Van Tanja Le Roux, die Anna Foundation Projek Bestuurder op Solms Delta:

GEMEENSKAP NUUS

SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE
Department of Police
FAMILY VIOLENCE, CHILD PROTECTION AND SEXUAL OFFENCES UNIT (FCS)

Die volgende punte was op die tafel;

Hou hierdie spasie dop vir die volgende datum.

SPORTS NUUS:

BASKETBAL...

Die 2010 Solms Delta Plaas Basketbal span skop groot af! Na een toernooi (met 3 wat voorle) is die Solms Delta seuns aan die bopunt van die ranglys met Simondium Primere Skool in die tweede plek. Die volgende toernooi word gespeel op die agste May by Paarlzicht Primere Skool in Paarl Oos, om 09:00 vm. Alle spelers moet aanmeld by die sukuriteits hek om 08:30 vir die bus. Wel gedaan julle - kom wys wat in julle steek op die agste May! Onthou - Elke Vrydag om 16:30 (4:30 nm) vir die volgende paar weke, span oefeninge met afrigter Kyle. Moet dit nie misloop nie.



Steven 'Moustaciou' de Koker

Steven de Koker is een van ons multi taak personeel lede by Solms Delta. Hy vergesel besoekers op wingerd toere, deel sy kennis van wingerd en druiwe kultivering, of hy bied wyn proewe in die museum of buite op die gras aan. En natuurlik, sy buitensporige en unieke handelsmerk baardmondering, wat verdere lewe gee aan sy charismatiese entusiasme.

Steven is ook n kranige naelloper, wat huidiglik homself voorbery vir die Comrades maraton. Sy droom was om ‘n naelloop te organiseer in wat hy noem "die mooiste vallei in die wêreld" en die droom is bewaarheid met die eerste naelloop op en om die plaas, genaamd "Delta Draf". Hy en sy helpers het sonder vrees, ‘n hele paar tien km bane uit probeer tussen die wingerde en sprankelende riviere deur, en uiteindelik besluit op ‘n roete wat meestal op plaas paaie op die Solms Delta wyn landgoed, met ‘ n deur-roete in Allee Bleue net langs ons deur draf. Die resultaat is dat hierdie naelloop, met Simonsberg en Groot Drakenstein in die agtergrond, oenskynlik en volgens Steven, een van die mooste atletiek ervaringe in die wêreld is. Die draf sensasie was ten volle geondersteun deur die "Boland Atletics Organization". Daar was ‘n 5km en ‘n 10km uitdaging, met medaljes en pryse vir ervare atlete en ‘n glasie Cape Jazz Shiraz vir almal wat klaar gemaak het.

Koes, hie kommie Oesfees!!!

Vir die derde agter eenvolgende jaar het die Franschhoek - Groot Drakenstein berge die dramatiese agtergrond geskep vir wat intussen ‘n jaarlikse instelling geword het - die manjefieke Franschhoek Oesfees op die Solms Delta wyn landgoed - salutasie aan die einde van die oes, en n oplewing van oorspronklike Kaapse kos, wyn, musiek, sang en dans.

Hierdie vry-geestigheid vir kulturele liefde en trots het plaaswerkers en eienaars skouer aan skouer met toeriste en belangrike gaste op die dans vloer bymekaar gebring, in ‘n kleurvolle omhelsing van diversiteit, met Solms Delta se lepel-speel name soos Langarm, Lekkerwiyn, Hiervandaan en Cape Jazz Shiraz wat verleidelik en vloeiend langs die lekker Kaapse kos ‘n passie of twee by geleer het - Sjoe!

Die oggend reen kon niks aan die vere van die fees-kebaaiers doen nie, en met omtrent 3000 mense, hiervandaan en daarvandaan, wat kom kuier het, was almal tog bederf met ‘ n sonnige, maar nie te warm namiddag. Met ‘n tentoonstelling van die 'Music van de Caab' Musiek Projek by Solms Delta, het die Oesfees ‘ n ryk tapyt geweef van Suid Afrikaanse kulture, vir fees-kebaaiers van die Franschhoek vallei en ander plekke, om litte los te maak en te party deur die dag op die maat van musiek groepe soos die Radio Kalahari Orkes, Negosiegoed en die Delta Langbroeke.



Die plaas werker van die jaar toekenning deur die Franschhoek Wyn Vallei Toerisme Assosiasie, wat die plaas werkers van die Franschhoek Vignerons voorstel, was oorhandig aan Jacques (Balie) Daniels van Franschhoek Pass Winery. Die doel van die toekenning is om briljantheid in alle aspekte van wyn boerdery te bevorder. Wynmakers lede was genooi om te stem vir een of meer van hul plaas werkers, wat ook stem van hul kollegas gewerf het. Solms Delta se Jeffrey van der Merwe en Frederick Fisher was genomineer en kan hier gesien word ter ere van hul doelgerigtheid en vaardigheid in hul werk.

HIERVANDAAN CD

Die Hiervandaan CD is die vrugkind van ons inwonende kunstenaar op Solms Delta, Suid Afrikaanse musikant Leslie Javan. Hy het meer as 20 jaar se ondervinding in musiek ontwikkeling, gemeenskapswerk en aktivisme, en het op aanvraag al wereld-wyd by musiek feeste op getree. Leslie was ook die naaste musiek kolega van die ontslape ster - musikant Alex van Heerden, wat internationaal bekendheid verwerf het vir sy Jazz Trompet werk en as pionier van "psychedelic vastrap". Alex en Les was die middel-as van die musiek groep "Gramadoelas" . Leslie bevorder nou sy eie werk as een van Suid Afrika se mees waardeerste liedjie skrywers. Sy werk met die Delta Vastrap Genootskap (‘n informele assosiasie van Afrikaans plattelandse musikante en liedjie skrywers geskep deur Alex tydens sy werk op Solms Delta). Die CD verwys na van die werk wat hulle daar doen, met Delta Vastrap Genootskap lede, en plaas werkers wat deel uit maak van die 'Music van de Caab' projek.

Die CD was vrygestel by die Franschhoek Oesfees op Saturdag 27 Maart en is te koop by die Museum teen R120.

Die liedjies wat Les geskryf het is reeds ‘ n groot sukses. "Met jou aan my sy" is n wenner. Les se "dis almal se gunsteling en die beste liefdes lied wat ek nog geskryf het." So ook die grasieuse, effens tranerige "Gemoedsrus." En die ritmies, tog tragiese "Heuningkrans" geskryf deur Les, met bygedagtes deur sy dogter Jodi.

Soos ons webwerf gas Blogger Prof John van Zyl aanvoeg," waar hierdie CD byklank vind, buiten ander van sy soort, is sekerlik in die stemme van die koor, die borrellende gelag van die kleuterskool kinders, die soet klanke van die Langbroek band, en alledaagse plaas klanke wat aansluiting vind by die toongewoel van die ritme van die "hits." Die CD is ‘n dank betuiging aan die musiek ontwikkelings projek deur die inwonende kunstenaar Les Javan, musiek koordineerder Adriaan Brand en koor leidster Lynnette Reid. As een plaas soveel talent kan aanspoor, dink maar net watter skat van talente wag vir ons in die res van die Franschhoek vallei."

Ons legendariese musiek personeel

Ons almal ken hulle as Attie, Lynnette en Les en nou met die onlangse aanstelling van Nicholas Turner (Nick) as nuwe kitaar tutor, is daar vier sleutel musikante wat die personeel uitmaak vir die Solms Delta musiek projek. Maar hoe goed ken ons hulle nou eintlik? Kortliks; terwyl Lynnette al vir meer as twee dekades gehore bekoor met haar unieke Jazz optredes met verskeie groepe, was die ander drie, naamlik Attie, Nick en Les, deel van die musiek revolusie wat Suid Afrika tydens die 1990 tigs getref het.

Attie (Rock ster) met die Springbok Nude Girls, Nick (protes liedjie skrywer) met Sons of Trout en Mekanic en Les (aktivis en baanbreker) met Atmosphere, Scarlett Rose en Gramadoelas. Die groepe, en die ander saam met hulle, het nuwe musiek geskryf en die musiek industrie op sy kop laat staan. Lynnette, geskoold by die 'Jazz Workshop' in Kaapstad is die aanwins wat die Jazz sang bybring, terwyl Les musiek in omtrent enige styl skryf; Nick is n Protest-Folk-Rock musiek skrywer met wêreldse invloede en Attie arrange musiek van Klassiek, tot Rock, en vir teater groepe. Ons is bevooreg om die vier juis op hierdie tyd by Solms Delta te he, waar hulle ons jong talent leer, aanspoor en inspireer.

KKNK

Passop vir Volstruise...

Solms Delta wyn by die KKNK